

Die ontwikkeling van taalbeheersing en skryfvaardigheidsonderwys in Suid-Afrika

1. Inleiding*

Die afgelope paar jaar was daar in Suid-Afrika besondere ontwikkelinge op die gebied van taalbeheersingsondersoek en -onderrig. Hierdie ontwikkelinge kan toegeskryf word aan verskillende faktore, waaronder

- die groei in belangstelling in taalkundige rigtings soos die pragmatiek en die tekslinguistiek
- die groei in belangstelling in die kognitiewe psigologie en die kognitiewe taalkunde, lg. 'n rigting waarin teorieë ontwikkel is wat juis as taalgebruiksteorieë beskryf kan word (die belangrikste verteenwoordigers synde Funktionale Grammatika en Kognitiewe Grammatika)
- 'n groter behoefte aan meer toegepaste taalkunde en 'n groeiende mishae met veral sommige teoretiese modelle
- die inwerking van markkragte op taaldepartemente met meer aandag aan toegepaste, beroepsgerigte rigtings as gevolg
- en laaste, maar nie die minste nie, die besondere invloed van Nederlandse taalbeheersers in Suid-Afrika, veral na 1996

Samenvatting

In hierdie artikel word 'n kort oorsig gegee oor die ontwikkeling van die taalbeheersing in Suid-Afrika. Nadat daar 'n kort historiese oorsig gegee is van ontwikkelinge op die Suid-Afrikaanse taalkundetoneel, val die klem veral op twee ontwikkelingslyne, nl. die uitbouing van skryfvaardigheidsonderwys en die ontwikkeling van taalbeheersing (en later ook dokumentontwerp) as vak aan enkele Suid-Afrikaanse universiteite. Daar word gewys op die aanleidende oorsake vir hierdie ontwikkeling en daar word ook aandag bestee aan inhoudelike aspekte van die ontwikkeling. In die artikel word daar veral gewys op die besondere rol wat Nederlandse taalbeheersers in hierdie ontwikkeling gespeel het en word die belangrikheid van die voortsetting van die verhouding tussen Suid-Afrikaanse en Nederlandse taalbeheersers beklemtoon. Die artikel wys ook op die waarde van die vakgebied binne 'n ontwikkelende, maar veral ook multikulturele omgewing.

In hierdie artikel sal 'n kort oorsig gegee word van die ontwikkeling van die taalbeheersing en aanverwante rigtings by verskillende Suid-Afrikaanse universiteite.

Vir die doel van die ondersoek is die volgende universiteite se aanbod ondersoek: Kaapstad, Natal (Durban en Pietermaritzburg), Universiteit van die Noorde, Port Elizabeth, Potchefstroom, Pretoria, Randse Afrikaanse Universiteit, Stellenbosch, Suid-Afrika (UNISA), Wes-Kaap, Witwatersrand, en Zoeloeland. Die artikel gee nie voor om 'n volledige beeld te skets van die opset by hierdie universiteite nie, maar wil veel eerder die aandag fokus op sekere historiese ontwikkelinge en op tendense in die vakgebied. Die doel van die artikel is om aan te toon (a) onder watter omstandighede taalbeheersing as vak binne die Suid-Afrikaanse konteks gevestig kon word en kon groei, en (b) wat die uitdagings is wat vir die vakgebied voorlê.

'n Verdere fokus van die artikel is die verhouding wat die afgelope paar jaar tussen Suid-Afrikaanse (en veral Afrikaanse) en Nederlandse taalbeheersers ontwikkel het en die bydrae wat die Nederlandse taalbeheersers gemaak het tot die ontwikkeling van die vakgebied in Suid-Afrika. Die aandag sal daarom noodwendig sterker gevestig word op inisiatiewe by daardie Suid-Afrikaanse universiteite waar die verhouding die sterkste tot uiting kom, nl. die Universiteite van Pretoria, Stellenbosch en Suid-Afrika.

Uiteindelik wil die artikel die maatskaplike relevansie van die taalbeheersing en aanverwante rigtings vir die Suid-Afrikaanse toneel uitwys en aantoon op welke wyse die besondere verhouding tussen Suid-Afrikaanse en Nederlandse taalbeheersers reeds aan hierdie ontwikkeling inhoud gegee het en in die toekoms nog verdere inhoud moet gee. Die goue draad deur hierdie verhaal is 'n betoog vir die relevansie van die taalbeheersing binne die Suider-Afrikaanse ontwikkelingskonteks.

Ten einde definisie te gee aan 'n tydlyn word die jaar 1996 gebruik as 'n keerpunt. In dié jaar is 'n Neerlandistiekwerkwinkel by die Universiteit van Stellenbosch aangebied onder leiding van Siegfried Huigen. Een van die temas tydens die werkwinkel was taalbeheersing, 'n tema wat hanteer is deur Carel Jansen en Frank Jansen. Hierdie werkwinkel was 'n belangrike historiese moment in die ontwikkeling van die taalbeheersing aan sommige Suid-Afrikaanse universiteite, soos later sal blyk.

2. "A rose by any name?"

Die term taalbeheersing is die gangbare benaming van die betrokke vakgebied in Nederland, 'n benaming wat verwys na daardie vakgebied wat sig besig hou met die studie van taal in gebruik. Dit sluit natuurlik allerlei vertakkinge in waaronder taalvaardigheidsonderwys, argumentasie en retorika, en allerlei tekswetenskaplike toepassings (waaronder teksontwerp in die latere jare).

Hoewel die term taalbeheersing ook in Suid-Afrika gebruik word, is dit om 'n heel besondere rede nie bruikbaar in Afrikaans nie: Dit is naamlik in die verlede en word trouens steeds aangewend om te verwys na die tweede van die lede van die teoretiese tweemanskap "competence-performance", 'n belangrike verdeling wat veral geld in die generatiewe denkraamwerk. In Afrikaans het daar daarom oor die jare verskillende alternatiewe ontwikkel, waaronder taalgebruikskunde, gebruikskunde, taalpraktyk, taal- en teksvaardighede, taalgebruiksvaardigheid, kommunikasievaardighede, en meer onlangs word dit ook ingebed onder benamings soos teksontwerp of dokumentontwerp.

Die ontwikkeling van taalbeheersing en skryfvaardigheidsonderwys in Suid-Afrika

In hierdie artikel sal die term taalbeheersing gebruik word om te verwys na die taalbeheersing soos dit in Nederland verstaan word. In Nederland self kom die term die afgelope paar jaar ook onder druk en duik benamings soos bedryfskommunikasie, toegepaste tekswetenskap, en dokumentontwerp steeds meer op. Hierdie artikel hou rekening met dié verskuiwing, juis omdat dit tog iets meer is as 'n blote terminologiese kwessie, soos later sal blyk.

3. Verskillende departemente verskillende tradisies

Om die ontwikkeling van die taalbeheersing in Suid-Afrika te verstaan, is dit van belang om eerstens in ag te neem dat die taalkunde en die toegepaste taalkunde in verskillende departemente (afdelings in Nederland) bedryf word. Veral vier departemente is ter sake vir hierdie diskussie, nl. departemente Afrikaans, Engels, Afrikatale en Algemene Taalwetenskap (ook soms Linguistiek genoem).

In hierdie afdeling word kortliks gewys op die belangrikste verskille tussen die departemente, veral met verwysing na die posisie van taalbeheersing of ander aanverwante vakgebiede binne die vakaanbod van elkeen. Die opmerkings wat oor die departemente gemaak word, is van 'n veralgemenende aard en gee nie voor om die presiese toedrag van sake in elke afsonderlike departement te beskryf nie.

3.1 Departemente Afrikaans. Die eerste belangrike historiese veranderlike wat 'n rol speel in die Suid-Afrikaanse konteks, is die verskille tussen departemente Afrikaans (en Nederlands; in die res van die artikel gebruik ons om stilistiese redes slegs die korter vorm)¹ en Engels. In die meeste departemente Afrikaans is daar lank reeds 'n duidelike verdeling tussen taal- en letterkunde. Hierdie departemente het dus oor die afgelope eeu wel 'n sterk taalkundige tradisie ontwikkel met die klem veral op die historiese taalkunde, beskrywende taalkunde en later ook teoretiese taalkunde (onder die invloed van die generatiewe taalkunde, maar mettertyd ook van die funksionele modelle).

'n Ander besondere kenmerk van hierdie departemente was die Nederlandse aanbod in die vakinhoud. 'n Groot getal van die departemente bied steeds 'n redelike hoeveelheid Nederlandse letterkunde aan, en daar is ook enkele departemente wat (o.a. via die historiese taalkunde) die fokus laat val op Nederlandse grammatika en die verwerwing van Nederlandse taalvaardigheid. Die Neerlandistiek het dan ook 'n besondere posisie in Suid-Afrika en kry gereeld die aandag by kongresse (heel dikwels gerig op die Neerlandistiek) en in die Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans. Hierdie verbintenis is natuurlik belangrik ook vir die ontwikkeling van die taalbeheersing, want dit is juis deur die "poort" van die Neerlandistiek dat die taalbeheersing en dokumentontwerp hierdie departemente (en dus ook Suid-Afrika) binnekom.

In die eerste helfte van die twintigste eeu was daar aanvanklik besondere behoefte aan werk oor die herkoms van Afrikaans as Germaanse taal, maar daar was ook vroeg reeds 'n dringende behoefte aan die beskrywing van die Afrikaanse grammatika en daarom het ter-reine soos die etimologie en historiese taalkunde (Boshoff & Nienaber 1967, Ponelis 1990, Ponelis 1993, Raidt 1991, Scholtz 1965, 1980, 1981), sintaksis (Ponelis 1979), semantiek (De Stadler 1989), morfologie (Combrink 1990), fonologie en fonetiek (Combrink & De Stadler 1987, De Villiers & Ponelis 1987, Wissing 1982), normatiewe taalkunde (Carstens 1994),

dialektologie, vertaalkunde, taalsosiologie (taalpolitiek en taalbeplanning; Du Plessis & Du Plessis 1987, Steyn 1980, Webb 1992), leksikografie (Gouws 1989) en tekslinguistiek en aanverwante onderwerpe (Carstens 1997, Du Toit & Smith-Muller 2003).

Tot in die laat tagtigerjare het onderwerpe met 'n taalbeheersingsinslag nog 'n redelik ondergeskikte posisie gehad binne die breër taalkundige konteks. Navorsing in taalbeheersing was tot die minimum beperk en verder het die vak 'n lae status gehad in opleiding deurdat kursusse met 'n taalbeheersingsinslag gereleveer is tot 'n inleidende aanbod veral in die eerste jaar of tot dienskursusstatus in fakulteite soos regte en ingenieurswese. Die klem het geval op taalgebruiksvaardighede van studente met onderwerpe soos teksstruktuur, samehang, paragrafering (paragraaf = Ndl. *alinea*), styl, spelling en punktuasie.

In die laat sewentiger en veral tagtigerjare het terreine soos die pragmatiek, tekslinguistiek en diskoersanalise egter begin veld wen in departemente Afrikaans en het steeds meer kursusse oor onderwerpe soos taal en konteks, deiksis, taalhandelingsteorie, gespreksgrammatika, en talle kursusse met 'n duidelik tekswetenskaplike inslag hulle verskyning begin maak. Soos blyk uit die bibliografie, was daar in hierdie jare sporadies ook akademici wat hulle navorsing aan taalbeheersingsonderwerpe gewy het.

In die tagtiger- en negentigerjare kom daar ook verskuiwings in die onderwys wat 'n duidelike invloed op taaldepartemente en veral op departemente Afrikaans sou hê. Die eerste belangrike verskuiwing was dat onderwysposte – talle van hulle Afrikaanse poste – steeds minder geword het en dat die onderwysmark, wat jare lank die bestaansrede was vir hierdie departemente (tot soveel as 70% van die studente in die departemente was onderwysstudente), in later jare nie meer tot die redding van die departemente sou kom nie. Studentegetalle het in hierdie periode sterk begin daal (tot soveel as 50% in sommige gevalle; kyk ook Swanepoel, 1998) en veral departemente Afrikaans was met hulle rûe teen die muur.

Gekombineer met die onsekerheid oor die toekoms van Afrikaans, het dit tot gevolg gehad dat departemente Afrikaans na ander markte moes begin kyk vir hulle studente, waaronder die media, die taalprofessies, die regte, en die uitgewerswese, om maar enkeles te noem. Dit het 'n verskuiwing meegebring weg van die meer teoretiese en beskrywende taalkunde na die toegepaste taalkundige rigtings met hulle sterker beroepsgerigte inkleding. Dit verklaar dan ook die opbloeï van rigtings soos leksikografie, vertaalkunde, mediastudies, taalsosiologie, en later beslis ook taalbeheersing.

'n Tweede veranderlike wat 'n rol sou speel, hoewel meer beperk, was die verandering in onderwyskurrikula van 'n meer grammatikale, beskrywende benadering tot taalstudie na 'n meer kommunikatiewe benadering tot taalstudie. Ook dit het die klem laat verskuif weg van die teoretiese en beskrywende taalkunde na die toegepaste rigtings.

Die teoretiese en beskrywende taalkunde beklee vandag 'n ondergeskikte posisie in departemente Afrikaans en is op groot skaal verdring deur kursusse met 'n tekswetenskaplike of taalbeheersingsinslag, waaronder kursusse in teksanalise en tekskwaliteit, taalvaardigheid, styl, leksikografie, vertaalkunde, mediastudie, taalpolitiek en kursusse met 'n sosiolinguistiese inslag.

Die feit bly dat die ontwikkeling op taalbeheersingsgebied vir talle departemente Afrikaans 'n besonder belangrike en opwindende ontwikkeling inhou. Die ontwikkeling op hierdie gebied in Nederland, juis in die era van die akademiese boikot, sou in die middel-negentigerjare (met die herstel van die internasionale bande) oorspoel na Suid-Afrika om juis 'n verdere, en ook noodsaaklike, inspuiting te verskaf vir die groei van die vakgebied

Die ontwikkeling van taalbeheersing en skryfvaardigheidsonderwys in Suid-Afrika

hier te lande. En belangriker nog: die effek van hierdie inspuiting sou uiteindelik juis die duidelikste sigbaar word in ontwikkeling binne en om hierdie departemente Afrikaans.

3.2 Departemente Engels. Departemente Engels in Suid-Afrika was in die verlede en is steeds vir die oorgrote meerderheid letterkundedepartemente met 'n beperkte aanbod in die taalkunde. Dit is daarom nie verrassend nie om te vind dat taalbeheersingsagtige opleiding tot redelik onlangs veral beperk gebly het tot kursusse met taalvaardigheidsontwikkeling van studente as vernaamste doelwit. Hierdie kursusse word meestal beperk tot die eerste studiejaar.

Departemente Engels het nie die skerp verdeling tussen taal- en letterkunde gehandhaaf nie. Intendeel, hierdie departemente se fokus was byna uitsluitlik op die Engelse letterkunde. Maar daar was wel die voorspelbare verspreiding van "Communication Skills"-kursusse en kursusse wat gerig was op tweede- of vreemdetaalsprekers van Engels.

In die meeste van hierdie departemente was daar geen sterk gevestigde taalkundige tradisie nie, waarskynlik vanweë die besondere werk wat oor en in Engels elders in die wêreld op teoretiese en beskrywende gebied gedoen is. Die afgelope paar jaar het hierdie departemente egter ook onder druk begin kom van die behoeftes in die mark, en het steeds meer kursusse na vore begin kom met titels soos English for Professional Purposes, Media and Society, Film Studies, Media and Writing, om maar enkele te noem. By een universiteit, nl. die Universiteit van Stellenbosch, bied 'n ander departement (in hierdie geval die Departement Algemene Taalwetenskap) kursusse in toegepaste Engelse taalstudie aan met onderwerpe soos variante van Engels, Engels in 'n multitalige en multikulturele werksomgewing, en die gebruik van Engels in verskillende professionele kontekste.

3.3 Departemente Afrikatale. In departemente Afrikatale word daar reeds oor dekades opleiding verskaf en navorsing gedoen, maar met die klem aanvanklik veral op die verwerking van die Afrikatale, die verbetering van bestaande kommunikasievaardighede en op die letterkundes van die inheemse tale. Omdat daar aanvanklik 'n sterk behoefte was aan die beskrywing van hierdie tale, het die beskrywende en teoretiese taalkunde ook besondere aandag gekry in talle van dié departemente en is daar, soos in die Afrikaanse departemente, baanbrekerswerk verrig op die gebied van grammatikabeskrywing en die optekening en analise van die literêre taalskat van hierdie tale.

Talle van die kursusse is gerig op nie-moedertaalsprekers van hierdie tale, terwyl ander weer fokus op die verbetering van kommunikasievaardighede van gebruikers van die betrokke tale. Maar net soos in die geval van die departemente Engels, het daar ook in hierdie departemente 'n verskuiwing plaasgevind in die rigting van die toegepaste taalkunde. Daarom sien 'n mens in verskillende kursusbeskrywings onderwerpe soos vertaalkunde, leksikografie, taalbeplanning en taalontwikkeling (taalsosiologie), mediastudie, bedryfskommunikasie in Afrikatale, teksanalise en teksontwerp.

3.4 Departemente Algemene Taalwetenskap (Linguistiek). Soos ook elders in die wêreld, val die klem in departemente Algemene Taalwetenskap (of Linguistiek, soos dit ook bekend staan) in Suid-Afrika veel sterker op die teoretiese grondslae van taalstudie in die algemeen. Daarom hou hierdie departemente hulle op groot skaal besig met verskillende teoretiese modelle rondom onderwerpe soos taalverwerking, die funksies van taal, die kenmerke van menslike tale in die algemeen, taalverandering, variante van taal, taal in gebruik, verskillen-

de teoretiese benaderings tot die studie van die sintaksis, morfologie, semantiek, fonologie, fonetiek, pragmatiek en diskoersanalise.

Mettertyd kom daar egter ook in hierdie departemente steeds meer ontwikkeling op die gebied van die toegepaste taalkunde met kursusse soos taalkontak, taal en gender, multitaligheid en interkulturele kommunikasie, taal in verskillende gebruikskontekste, en tweedetaalstudie.

3.5 Ander departemente. By talle van die universiteite wat ondersoek is, bestaan daar natuurlik ook ander departemente waarbinne onderwerpe hanteer word wat vir taalbeheersingsonderrig en -ondersoek relevant mag wees.

In departemente Kommunikasiekunde (of Kommunikasiewetenskap) en Inligtingkunde word kursusse aangebied soos teorieë van kommunikasie, mondelinge en geskrewe kommunikasie, interpersoonlike kommunikasie, interkulturele kommunikasie, verbale vs. nie-verbale kommunikasie, organisatoriese kommunikasie, bemarkingskommunikasie, mas-sakommunikasie, mediastudies, nuwe media (waaronder webwerfontwerp) en kommunikasie-ontwerp, om maar enkeles te noem.

By die Universiteit van die Noorde, byvoorbeeld, word 'n BA-graadprogram aangebied "with endorsement in Communication Studies". Hierdie program bevat, naas die kursustipes wat in die vorige paragraaf genoem is, ook 'n sterk taalbeheersingskomponent met kursusse soos lees- en luistervaardighede, kritiese interpretasie van boodskappe, subjektiewe en objektiewe skryfvaardighede, ooredende kommunikasie, en taal en konflik.

3.6 Die groot verstrooiing opgelos? Oor baie jare het die departemente waarna hier verwys is as eilande gefunksioneer en was daar min indien enige sprake van samewerking – die een hand het nie geweet wat die ander doen nie. Die afgelope vyf jaar is daar egter 'n grondige herwaardering van interdisiplinariteit, en gekombineer daarmee die noodsaak (as gevolg van groter druk op die universiteitswese) om te rasionaliseer. By baie van die universiteite waarvan in hierdie artikel sprake is, het talle van die departemente saamgesmelt om groter, meer gerasionaliseerde vakgroepe of skole te vorm en is hulle gedwing om op sistematiese wyse inhoude met mekaar te versoen.

Tydens die onlangse grootskaalse nasionale programvormingsoefening, het daar ook talle programme tot stand gekom met 'n sterk interdisiplinêre grondslag, programme wat uiteindelik groter interdepartementele samewerking afgedwing het (voorbeelde hiervan word later in hierdie artikel aangebied). Hierdie verskuiwing bring mee dat departemente waarin die toegepaste taalkunde aandag geniet, saamgesnoer word in samewerkingsverbande wat juis lei tot die versterking en uitbouing daarvan.

Opsommend, dus: Hoewel die verskillende taaldepartemente tog verskillende ontwikkelingsgeskiedenis het, is daar by almal die afgelope dekade 'n sterk beweging in die rigting van die toegepaste taalkunde en ontwikkel daar mettertyd 'n klimaat wat uiters bevorderlik sou wees vir die inisiatiewe wat na 1996 sou volg.

4. 1996endaarna

4.1 Oorsig. Die finale afskaffing van apartheid in 1990 en die eerste vrye Suid-Afrikaanse verkiesing in 1994 sou 'n nuwe periode inlei ook vir die tersiêre onderwyssektor. Reeds in

Die ontwikkeling van taalbeheersing en skryfvaardigheidsonderwys in Suid-Afrika

die aanloop tot hierdie periode was daar 'n aantal ontwikkelingslyne sigbaar wat die ruimte sou definieer waarbinne die huidige ontwikkeling rondom taalbeheersing/dokumentontwerp verstaan moet word. Veral ses duidelike ontwikkelingslyne is ter sake:

- 'n Steeds groeiende belangstelling in die pragmatiek en die tekslinguistiek reeds in die laat sewentigerjare
- Voortgesette belangstelling in die vertaalkunde, veral vanweë die sterker nadruk op meertaligheid en die gevolglike behoefte aan meer en beter taaldienste
- Voortgesette belangstelling in die leksikografie, veral ook in die leksikografie van die Afrikatale, o.a. vanweë die goedkeuring van 'n Wet op Leksikografiese Eenhede wat die vestiging en uitbouing van sulke eenhede vir al die amptelike tale in die vooruitsig stel
- Tweede- of vreemdetaalontwikkeling, veral vanweë die groeiende diversiteit op Suid-Afrikaanse kampusse danksy die normalisering van die Suid-Afrikaanse gemeenskap
- Steeds meer klem op taalvaardigheidsontwikkeling, en veral skryfvaardigheidsontwikkeling, veral as gevolg van die enorme onderwysagterstande waarmee Suid-Afrikaanse universiteite en ander tersiêre onderwysinstellings moet rekening hou (o.a. deur die stigting van taal- of skryfsentra)
- Sterk klem op die belang van die tekswetenskap, taalbeheersing en dokumentontwerp

Oor die laaste ontwikkelingslyn wil ons graag enkele verdere opmerkings maak.

4.2 Tekswetenskap, taalbeheersing en dokumentontwerp. In die laat tagtigerjare en vroeë negentigerjare van die vorige eeu was die meeste kursusse met 'n taalbeheersingsinslag steeds kursusse wat die status gehad het van dienskursusse, of dit was kursusse in die eerste jaar wat nie deurgang gebied het na verder studie nie. Die kursusse (en die ondersoekte wat daarmee geassosieer was) is dikwels as minder belangrik geag en is deur junior personeel aangebied.

Hierdie toedrag van sake sou egter vinnig verander. Twee belangrike “keerpunte” kan in dié verband geïdentifiseer word. In die eerste plek was daar die reeds genoemde groter klem wat toenemend geplaas is op navorsing en opleiding in die pragmatiek, die psigolinguistiek, die sosiolinguistiek en veral die tekslinguistiek. Dit sou die teelaarde voorberei waarin die taalbeheersing sou gedy. Hierdie beweging is verder gestimuleer deur die belangstelling wat die teoretiese verskuiwing weg van die generatiewe denkraamwerk na die meer funksionele denkraamwerke (bv. die Funksionele Grammatika en die Kognitiewe Grammatika) sou gaande maak.

In hierdie tyd het steeds meer departemente, ook uit ander fakulteite as die geesteswetenskappe, die waarde van taalbeheersingsopleiding begin beseef en toegetree tot die mark. Enkele voorbeelde van kursusse illustreer die punt: Afrikaans vir Regstudente (Universiteit van Suid-Afrika), Teksvaardighede vir die sakepraktik (Universiteit van Suid-Afrika), English communication for business (Universiteit van Suid-Afrika), Mediaskryfwerk (Universiteit van Port Elizabeth), Sakekommunikasie (Randse Afrikaanse Universiteit), Language in the working world (Universiteit van Natal), Writing for the media (Universiteit van Natal), Business communication (Universiteit van die Witwatersrand), Academic literacy in the humanities (Universiteit van Kaapstad), Professional communication for business science students (Universiteit van Kaapstad), Regstaalkommunikasie (Universiteit van Pretoria), Inleiding tot mediageletterdheid (Universiteit van Pretoria), Academic writing skills (Uni-

versiteit van Pretoria), Communication in organisations (Universiteit van Pretoria), Teksanalise en tekskwaliteit (Universiteit Stellenbosch), Mediakunde (Universiteit Stellenbosch), en nog talle ander.

Die tweede belangrike stimulus in hierdie periode is een waarna reeds vroeër verwys is: die Neerlandistiekwerkwinkel van 1996. Tydens hierdie werkwinkel het Carel Jansen (toe van die Universiteit van Utrecht en Eindhoven) en Frank Jansen (Utrecht) ’n werkwinkel aangebied op Stellenbosch oor die onderwerp “Taalbeheersing as vakgebied”, ’n werkwinkel waarin die verskillende vertakkinge van die taalbeheersing en die besondere navorsingsmetodologie van die vakgebied skerp in fokus gebring is. Uit hierdie werkwinkel het ’n paar belangrike inisiatiewe gevolg:

- Besoeke van Afrikaanse taalkundiges van verskillende universiteite aan taalbeheersers in Nederland.
- Die stigting van die Sentrum vir Afrikaanse Gebruikskunde aan die Universiteit Stellenbosch wat in die jare wat sou volg ’n reeks werkwinkels gereël het oor taalbeheersing/dokumentontwerp waar taalbeheersers soos Carel Jansen, Frank Jansen, Michaël Steehouder, Ted Sanders, Leo Lentz, Menno de Jong, Marinel Gerritsen, en vanjaar ook Hans Hoeken, sou optree ter bevordering van die vakgebied in Suid-Afrika.
- Die reëling van verdere konferensies en geleenthede (dikwels onder die vaandel van die Neerlandistiek) ook op ander plekke in Suid-Afrika.
- Die uitwisseling van studente tussen Suid-Afrika en Nederland.
- Die wedersydse betrokkenheid van Suid-Afrikaanse en Nederlandse dosente by die opleiding van studente.
- Dit is ook in die vroeë negentigerjare dat die besondere rol en posisie van die Tijdschrift voor Taalbeheersing behoorlike aandag begin geniet het in Suid-Afrika.

Die gevolg van hierdie reeks ontwikkelinge was dat steeds meer kursusse voor- en nagraads ontwikkel is wat as tipiese taalbeheersings- of dokumentontwerpkursusse beskou kon word (verskeie voorbeelde is reeds in die loop van die artikel genoem; kyk ook afdeling 6).

In die afdelings wat volg wil ons graag twee besondere lyne van ontwikkeling uitlig vir meer diskussie:

- Skryfvaardigheidsontwikkeling, veral met die opkoms van taal- of skryfsentra, ’n ontwikkeling wat juis sedert die middel negentigerjare ’n skerp inspuiting gekry het en wat in ’n besondere verhouding tot die taalbeheersing staan of minstens behoort te staan
- Die opkoms van ’n “nuwe” vakgebied in Suid-Afrika, nl. Dokumentontwerp, met besondere navorsingsinisiatiewe en gemeenskapsbetrokkenheid wat daarmee saamgaan

Dit is belangrik vir hierdie betoog om besondere aandag aan hierdie ontwikkelinge te gee, o.a. omdat daar tog verskille in ontwikkeling is tussen Nederland en Suid-Afrika (veral wat die skryfsentriebeweging betref). Daaruit spreek egter ook die besondere impak van die taalbeheersing en word duidelik watter verantwoordelikheid vakgenote – beide in Suid-Afrika en in Nederland – het om die voortgesette groei van hierdie inisiatiewe te verseker.

Die geskiedenis van die taalbeheersing in Nederland wys duidelik op die besondere ver-

Die ontwikkeling van taalbeheersing en skryfvaardigheidsonderwys in Suid-Afrika

band tussen taalvaardigheidsontwikkeling en taalbeheersing as vakgebied. Juis in die sewentigerjare is die besondere verhouding skerp sigbaar in Nederland, en hoewel die verhouding in die tagtigerjare ietwat vervaag (veral met die groter klem op professionele kommunikasie), word hierdie verhouding nogtans nooit ontken nie en geniet dit vandag steeds die aandag van verskillende taalbeheersers (Braet, 2000: 12-15).

In Suid-Afrika kom daar, vanweë die reeds genoemde ontwikkelinge binne departemente, maar ook die ontwikkeling van taal- en skryfsentra, veel vroeër 'n soort skeiding tussen skryfvaardigheidsonderwys en taalbeheersing/dokumentontwerp. Juis daarom word dit tog belangrik om in hierdie afdeling kortliks te wys op die aard van hierdie besondere ontwikkeling.

Die periode van verandering waaroor ons dit in hierdie artikel het (veral die laaste tien jaar) word gekenmerk deur 'n verskerpte fokus op skryfvaardigheidsontwikkeling, veral as gevolg van die reeds genoemde agterstande waarmee studente by universiteite aankom. Hierdie agterstande bring vir universiteite 'n verantwoordelikheid mee wat in 'n toeneemende mate die hoof gebied word deur die stigting van taal- en/of skryfsentra (ook skryflaboratoria genoem). Om die aard van hierdie ontwikkeling duidelik te maak, word daar – by wyse van 'n voorbeeld – kortliks gekyk na die aard en werksaamhede van die Skryflaboratorium van die Universiteit Stellenbosch en word daar gewys op die verband tussen hierdie inisiatief en die groei van taalbeheersingsopleiding en -navorsing.

Die fokus op die Stellenbosse Skryflaboratorium as voorbeeld, wil op geen manier die besondere inisiatiewe by ander universiteite relativer nie.²

5.1 Doelstellings van skryflaboratoria. 'n Skryflaboratorium soos dié van die Universiteit Stellenbosch wil 'n ruimte skep waar alle studente en dosente van die universiteit, ongeag hulle status, hulle vaardigheidsvlak, en hulle vakgebied, kan dink en diskoers voer oor die skryftaak. Hierdie algemene doelstelling kan herlei word tot 'n aantal besondere doelstellings wat tipies vir skryfsentra geld:

- Om skrywers te ondersteun in alle stadia van die skryfproses (teen die agtergrond van die insigte wat volg uit die skryfprosesteorie en die werk wat binne hierdie raamwerk gedoen is deur mense soos Flower, Hayes, Bereiter, Scardamalia, en ander).
- Om deur die ontwikkeling van gepaste kursusse, werkswinkels en konsultasieprosesse die skryftaak te bemark as 'n belangrike leerinstrument aan die universiteit, met as uitgangspunt die standpunt dat skryfvaardigheidsontwikkeling vakgeïntegreerd of werkgeïntegreerd moet plaasvind (“writing across the curriculum”).
- Om 'n ondersteunende omgewing te skep waar skrywers en konsultante effektief kan saamwerk ook in 'n een-tot-eenverhouding, uitgaande van die standpunt dat die effektiewe ontwikkeling van skryf- en ander taalvaardighede baie persoonlike aandag verg en dus arbeidsintensief is.
- Om nie net oppervlakkige skryfprobleme (soos spelling en grammatika) te hanteer nie, maar om ook te fokus op die dieperliggende probleme in skryfwerk (o.a. begrip vir die verskillende stadia van die skryfproses, die beplanning van die teks, die hantering van kommunikatiewe doelwitte en doelgroepe, samehang binne en tussen tekste, sinvolle uiterlike dokumentontwerp, gepaste styl en dergelike meer) – probleme wat direk terug te vind is in taalbeheersingsondersoek soos ons dit vandag ken.
- Om Skryflaboratoriumpersoneel, met inagneming van die verskillende vakgebiede, op te lei om ingeligte lesers en respondente te word van daardie tekste wat in die Laboratorium hanteer moet word, d.w.s. om vakgeïntegreerd om te gaan met die skryfproble-

- me van studente.
- Om dosente op te lei om as vennote van die Skryflaboratorium ingeligte lesers en respondente te word van hulle studente se tekste (o.a. sodat hulle ingeligte besluite kan neem wanneer hulle studente na die Laboratorium verwys).
- Om navorsing te doen oor teksstruktuur, tekskwaliteit en die skryfproses, met die fokus veral op akademiese teksontwerp.

Skryflaboratoria is nie redigeerinstansies nie, maar het veel eerder die (weliswaar idealistiese doelstelling om skrywers te bemagtig om probleemontdekkend en probleemoplossend met hulle eie skryfwerk om te gaan.

5.2 Dienste. Die volgende tipiese dienste word binne die Stellenbosse Skryflaboratorium aangebied:

- Konsultasie in groepe en op 'n een-tot-een-basis
- Skryfintensiewe kursusse
- Korter kursusse of werksinkels vir studente en dosente
- Werksinkels in wetenskaplike skryfvaardighede vir nagraadse studente (veral op magister- en doktorsvlak)
- Korter kursusse wat afgestem word op besondere behoeftes in departemente
- Die ontwikkeling van hulpmiddels op die webwerf van die Skryflaboratorium
- Personeelontwikkeling

5.2.1 Konsultasie. In 'n skryflaboratorium is die primêre diens sekerlik die een-tot-eenkonsultasies met studente. Dit beteken dat die laboratorium 'n instapomgewing is waar studente (gewoonlik per afspraak) 'n konsultant ontmoet wat hom of haar in 'n gesprek lei om self probleme in die skryfwerk te ontdek en op te los. Hierdie konsultante is gewoonlik nagraadse studente wat spesiaal opgelei word vir die taak.

Die volgende aspekte van die skryfproses en skryfproduk word tydens konsultasiesessies hanteer:

- Taakanalise
- Die ontginning van inligtingsbronne
- Insigtelike hantering van doelwitte en doelgroepe
- Beplanning en strukturering van die skryftaak (met inagneming van die prosesbenadering)
- Beplanning en strukturering van die teks, met besondere aandag ook aan die sinvolle samehang van die teks
- Besondere aspekte van die taalgebruik van die skrywer (woordkeuse, sinskonstruksie, styl, ens.)
- Besondere aspekte van dokumentontwerp soos die hantering van aanhalings, verwysings, bibliografieë, indekse, voetnote, grafika, ens.
- Aspekte van redigering

Weer eens word die verskillende temas van die taalbeheersing ge-eggo in hierdie taakomskrywing en blyk die verband tussen skryfvaardigheidsontwikkeling en taalbeheersing-onderzoek en -opleiding.

5.2.2 Skryfintensiewe kursusse. Skryfintensiewe kursusse (writing intensive courses) gaan uit van die filosofie dat studente moet skryf om te leer i.p.v. leer om te skryf (die skryftaak as leerinstrument). Hierdie kursusse word ontwikkel en aangebied deur dosente in die onderskeie departemente, maar wel in samewerking met spesialiste in die Skryflaboratorium. Die kursusse word ontwerp om 'n sekere hoeveelheid skryftake in te sluit wat dan volgens bepaalde voorskrifte (o.a. wat betref die verskillende stadia van die skryfproses en aspekte van dokumentontwerp) afgehandel en beoordeel moet word.

'n Kursus in Biochemie kan byvoorbeeld omgeskakel word tot 'n sg. skryfintensiewe kursus, wat dan beteken dat die biochemie-dosent 'n beduidende aantal skryftake beplan vir die studente in die kursus en dan in samewerking met die Skryflaboratorium die eise bepaal wat vir die opdrag en die uiteindelijke skryfproduk gestel moet word. Normaalweg sal studente, as deel van die hele skryfproses, in so 'n kursus ook die Laboratorium besoek vir konsultasies.

5.2.3 Korter kursusse of werkswinkels. Die Skryflaboratorium organiseer van tyd tot tyd kursusse of werkswinkels waartydens bepaalde aspekte van die skryftaak bespreek kan word. Hierdie kursusse of werkswinkels kan gerig wees op verskillende groepe (dosente, voorgraadse of nagraadse studente) en die besondere behoeftes van verskillende vakomgewings (bv. werkswinkels oor die eise wat gestel word aan tegniese skryfwerk). Hulle kan ook besondere onderwerpe aanspreek (werkswinkels oor onderwerpe soos die skryfproses, inhoudelike organisasie, samehang, styl, uiterlike struktuur, redigering, die ontwerp van tesisse en proefskrifte, en dergelike meer is reeds deur die Stellenbosse Skryflaboratorium aangebied).

Naas bg. verdelings kan die kursusse of werkswinkels ook 'n generiese, vakspesifieke of selfs projekspesifieke inslag hê. In lg. twee gevalle sal hulle altyd aangebied word in samewerking met die betrokke dosente.

Omdat die interaksie tussen dosent en student so belangrik is tydens skryfvaardigheidsontwikkeling, bied die Skryflaboratorium op 'n gereelde basis werkswinkels vir dosente aan oor talle van die onderwerpe wat reeds hier genoem is. Sulke werkswinkels kan egter ook fokus op besondere skryfprobleme van die dosente self, soos bv. die effektiewe ontwerp en formulering van notas, opdragte, eksamenvraestelle en dergelike meer. Dit blyk naamlik dikwels dat die skryfprobleme van studente herlei kan word tot kommunikasieprobleme aan die kant van die dosent, waaronder onduidelike opdragformulering, onsamehangende nota-aanbod, probleme met inligtingslading, om maar enkele te noem.

Hierdie werkswinkels bied vanselfsprekend besondere geleenthede vir personeelontwikkeling. Die Skryflaboratorium mag egter nooit gesien word as 'n geleentheid vir vakspesialiste om hulle verantwoordelikhede rondom skryfvaardigheidsontwikkeling in eie vakomgewing te ontduik nie. Juis daarom is die deurlopende opleiding van dosente van kardinale belang, ook aan die Universiteit Stellenbosch.

5.2.4 Hulpmiddels op die Webwerf. Vanselfsprekend kan die Skryflaboratorium, gegee die getalle en ander beperkinge wat tans geld (waaronder natuurlik ook finansies), nie aan alle studente van 'n universiteit soos Stellenbosch 'n persoonlike diens lewer nie. Juis daarom word daar 'n meertalige hulpsisteem op die webwerf van die Taalsentrum en die Skryflaboratorium ontwikkel wat vir alle studente en dosente van die US toeganklik sal wees.³ In hierdie hulpsisteem sal daar onder andere 'n uitgebreide versameling adviesdokumente, ver-

wysings na kursusse en werkswinkels, skakels na ander hulpmiddels op die internet en voor-skrifte oor besondere skryftake in verskillende departemente opgeneem (kan) word. Die webwerf sal ook gebruik word om WebCT-gebaseerde kursuskomponente beskikbaar te stel oor verskillende aspekte van die skryftaak.

In hierdie verband sal die Stellenbosse Taalsentrum saamwerk met die ontwikkelaars van World Wide Writing, 'n virtuele skryfsentrum wat aan die Universiteit van Nijmegen en die Hogeschool Arnhem Nijmegen ontwikkel is.⁴

5.2.5 Skryfvaardigheid en taalbeheersing. Die taal- en skryfsentrumontwikkeling in Suid-Afrika (geskoei veral op die Amerikaanse lees) is 'n besonder belangrike ontwikkeling op die gebied van taalvaardigheidsonderwys waarin daar op gestruktureerde en verantwoorde wyse aandag bestee word aan die vaardigheidsbehoefte van 'n breë sprektuum van studente. Veral op die gebied van skryfvaardigheidsontwikkeling word daar, net soos in Nederland, sterk gesteun op die insigte wat verwerf word in vakgebiede soos die taalbeheersing en ander aanverwante studierreine.

Hierdie ontwikkeling bied besondere geleentheid tot samewerking tussen Suid-Afrika en Nederland waar die skryfsentrumbeweging ook nog relatief jonk is en beperk bly tot inisiatiewe by enkele universiteite.

6.1 Van taalbeheersing tot dokumentontwerp. Een van die sterkste uitkomst van die “taal-beheersingsbeweging” in Suid-Afrika is te sien in die resente ontwikkeling van 'n aantal programme in dokumentontwerp, spesifiek by drie universiteite, nl. Pretoria, UNISA en Stellenbosch. In hierdie afdeling word kortliks ingegaan op die aard en inhoud van sommige van hierdie programme, asook op die navorsing en gemeenskapsinisiatiewe wat hiermee saamhang.

Omdat groei van die interdisiplinêre vakgebied van dokumentontwerp in Suid-Afrika en Nederland so duidelik 'n voortsetting is van die taalbeheersingsgeskiedenis is dit van groot belang om hierdie historiese lyn te volg en goed te verstaan, onder andere met die oog op die verdere, en veral berekende, ontwikkeling daarvan.

In Nederland vind daar reeds in die jare tagtig, maar veral in die jare negentig 'n swaai plaas vanaf die taalvaardigheidsonderwys na 'n sterker gerigtheid op “de markt” (Braet, 2000:18), op professionele kommunikasie dus, en veral op die verbetering van tekste eerder as die verbetering van skrywers. Naas die twee bekende pilare van die taalbeheersing, nl. argumentasieleer en retorika, en tekswetenskap, kom daar nou ook 'n derde pilaar, nl. die ontwerp-aspek in die taalbeheersing, op die voorgrond. Die klem val nou nie meer alleen op beskrywing en verklaring nie, maar ook op die probleme rondom die produksie van dokumente “dat wil zeggen situaties waarin het taalverkeer niet bevredigend verloopt. In dat opzicht onderscheidt technologisch onderzoek (soos die skrywers hierdie ontwikkeling genoem het - LdS & EB) zich van beschrijvend/verklarend onderzoek, waarbij men juist primair geïnteresseerd is in ‘normale’, niet-problematische situaties.” (Steehouder & Jansen, 1984:2).

6.2 Opleiding in dokumentontwerp aan die drie universiteite. In hierdie afdeling laat ons met verwysing na 'n aantal program- en kursustitels sien hoe die vakgebied veld wen by

Die ontwikkeling van taalbeheersing en skryfvaardigheidsonderwys in Suid-Afrika

die drie universiteite.

Aan die Universiteit van Pretoria kan studente inskryf vir verskillende B-programme waarin dokumentontwerpkursusse as onderdeel aangebied word. Veral binne sommige van die taalvakke word modules aangebied met 'n sterk taalbeheersings- of dokumentontwerp-inslag. As voorbeeld: Binne die vak Afrikaans word Taal- en teksvaardigheid, Beginsels van Dokumentontwerp en Dokumentontwerp: Oorredende en instruktiewe tekste aangebied.

Daarnaas bied Pretoria ook nog die volgende honneurs- en magistermodules⁵ in dokumentontwerp:

Honneurs

- Die ontwerp van oorredende tekste.
- Tegniese en professionele skryfwerk.

Magister

- Die ontwerp van oorredende tekste (2).
- Tegniese en professionele skryfwerk (2).

Die Universiteit van Suid-Afrika bied 'n BA-program in Tale en Letterkunde aan met die moontlikheid om in Dokumentontwerp te spesialiseer. Studente volg verpligtend 'n taal as hoofvak (al drie jaargange) gekombineer met keusemodules soos die volgende (by gebrek aan ruimte word slegs 'n seleksie van keusemoontlikhede hier genoem): teksvaardighede (verskillende modules), Engelse kommunikasie vir universiteit, grammatikale konsepte, multitaligheid, inleiding tot kommunikasie, visuele geletterdheid, navorsing in die sosiale wetenskappe, interkulturele kommunikasie, oorredende tekste, vertaling en redigering, 'n internskap by 'n dokumentontwerpagentskap.

By die Universiteit Stellenbosch is die belangrikste ontwikkeling die aanbieding van 'n nuwe MPhil-program in Dokumentanalise en -ontwerp met ingang 2003. Die program duur twee jaar en die kursusinhoud sien soos volg daar uit:

Eerste jaar

- Dokumentanalise en -ontwerp as studiegebied
- Pragmatiese betekenis in professionele kommunikasie
- Tekssoort, teksanalise en teksevaluering: 'n inleiding
- Grafiese dokumentontwerp
- Interkulturele aspekte van dokumentontwerp
- Vertaalteorie en vertaalpraktyk

Tweede jaar

- Analise van verskillende bedryfstekstipes (informatiewe, oorredende, tekste en webtekste)
- Gevorderde dokumentevaluering
- Navorsingskomponent

6.2.4 Perspektief. Uit hierdie gevarieerde seleksie van voorbeelde blyk duidelik hoe die ontwikkeling van dokumentontwerp as vakgebied aansluit by die ontwikkelinge in Nederland en blyk veral ook watter sterk invloed die Nederlandse taalbeheersingsliteratuur op die ontwikkeling van studie-inhoude gehad het. Dit is wel belangrik om daarop te wys dat die besonder sterk Nederlandse tradisie van opleiding en navorsing in die retorika en argumentasieleer nie in dieselfde mate neerslag gevind het in die Suid-Afrikaanse ontwikkeling nie. Aspekte daarvan kom wel aan bod in sekere kursusse (bv. oor oorredende tekste), maar dan byna altyd in 'n konteks waar die tekswetenskaplike en ontwerp kundige aspekte die botoon voer.

6.3 Navorsing: die MIV/VIGS-projek. 'n Uitstekende voorbeeld van besondere navorsing op die gebied van dokumentontwerp is die projek oor die effektiwiteit van MIV/VIGS-inligtingstekste in Suid-Afrika, getiteld *Improving the Effectiveness of Public Information Documents on HIV/AIDS in South Africa* (MIV = menslike immuuniteitsvirus, VIGS = verworwe immuuniteitsgebreksindroom; Eng. HIV/AIDS).⁶ Ses universiteite in Nederland en Suid-Afrika doen mee aan die projek (name van projekteleiers tussen hakies): Pretoria (Adelia Carstens), Stellenbosch (Leon de Stadler), UNISA (Piet Swanepoel), Nijmegen (Carel Jansen en Hans Hoeken), Tilburg (Fons Maes) en Twente (Michaël Steehouder en Henk Boer). Verskillende navorsers, doktrale en magisterstudente van die verskillende universiteite sal onder die leiding van die projekteleiers meedoen aan die projek.

Die projek word op twee breë ondersoeksvrae gerig:

- Watter keuses rakende inhoud, struktuur, styl, aanbieding en uitleg sal die effektiwiteit van MIV/VIGS-inligtingsdokumente verbeter, veral as 'n mens daarby die diverse kulturele en demografies verspreide doelgroepe in Suid-Afrika in ag neem?
- Watter evalueringstegnieke sal die effektiwiteit van MIV/VIGS-inligtingsdokumente vir die diverse kulturele en demografies verspreide doelgroepe in Suid-Afrika verbeter?

Die projek het ten doel om die effektiwiteit van hierdie dokumente binne die Suid-Afrikaanse konteks te verbeter. Nie alleen is dit dus 'n waardige, veral sosiaal-maatskaplik relevante projek nie, maar dit bied ook aan navorsers die geleentheid om met 'n wye spektrum van kennis binne die gebied van dokumentontwerp kennis te maak en om hierdie kennis toe te pas.

Die volgende vyf deelprojekte sal binne die groter projek aangepak word:

- Persuading people to have safer sex: the design of effective fear appeals
- Persuading people to report for HIV/AIDS Counselling, Testing and Referral
- Persuading people to have safer sex: the role of peers and personas
- Using verbal and visual presentation formats in HIV/AIDS instructional documents
- Designing and testing public information documents on HIV/AIDS in South Africa

Binne die verskillende deelprojekte sal navorsers rekenskap gee van verskillende teoretiese raamwerke (soos bv. die Extended Parallel Process Model, die Health Belief Model, die Heuristic-Systematic Model, die Elaboration Likelihood Model) en verskillende metodes van ondersoek (beide kwalitatief en kwantitatief) en van toetsing (beide summatiewe en formatiewe toetsing).

Hierdie projek bied ook reeds ruimte vir studente om aan kleiner projekte deel te neem met onderwerpe soos

- Die effektiwiteit van beeld in MIV/VIGS-tekste in 'n laaggeletterde konteks
- Die effektiwiteit van argumentasie in MIV/VIGS-tekste by tieners met verskillende kulturele agtergronde
- Heuristieke vir die ontwerp van webwerwe om mense te oorreed om hulle vrywillig vir MIV/VIGS te laat toets
- Heuristieke vir die ontwerp van voorligting ter bestryding van MIV/VIGS-verwante stigma as determinant van MIV/VIGS-toetsingsgedrag
- Effektiewe teoretiese modelle en retoriese strategieë vir die ontwerp van MIV/VIGS-voorligtingstekste om persone met hoë-risiko-gedrag te oorreed om hulle vrywillig vir MIV/VIGS-toetsing aan te meld

Hoewel hierdie projek uitgesonder word as 'n tipiese voorbeeld van die maatskaplik-relevante navorsing wat in Suid-Afrika gedoen (kan) word, is dit lank nie die enigste navorsing wat reeds op hierdie gebied gedoen is nie.

6.4 Dokumentontwerp in die breër gemeenskap. Die veld van die taalbeheersing of dokumentontwerp het binne die Suid-Afrikaanse konteks (en sekerlik ook binne ander kontekste) 'n verdere besondere waarde: Na selfs die mees voorlopige ondersoek blyk al dat daar groot behoeftes bestaan aan meer kennis oor effektiewe dokumentontwerp binne die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap. Dokumentasie in beide die openbare en die privaatsektore is heel dikwels swak as gevolg van teksontwerpprobleme, probleme wat dan lei tot die afbraak van kommunikasie met geweldige koste (metafories én letterlik bedoel) vir die betrokke instansie, maar uiteindelik ook vir die breë gemeenskap. Daarom het die vakgebied 'n besondere rol te speel in hierdie sektore.

Die afgelope paar jaar is daar 'n groeiende waardering vir hierdie probleme en vir die belangrikheid van effektiewe dokumentasie in die openbare en privaatsektore en word daar steeds meer gesoek na geleenthede vir voortgesette opleiding. 'n Voorbeeld hiervan is te vind in die Eenheid vir Dokumentontwerp (Taalsentrum, Universiteit Stellenbosch). Hierdie eenheid bied opleiding in dokumentontwerp aan vir die nie-universitêre sektor, met 'n verskeidenheid onderwerpe, waaronder lesergerigtheid in bedryfstekste, skryfwerk vir skakelwese, beleidsdokumente, verslae, voorleggings, ooredende tekste, instruktiewe tekste, korrespondensie, webteksontwerp, bedryfsjoernalistiek, taalprofessies en dergelike meer.

Bogenoemde verskerpte bewussyn lei ook daartoe dat instansies in hierdie sektore steeds meer belangstelling toon vir kontraknavorsing oor die effektiwiteit van dokumente. Tipiese voorbeelde van hierdie tipe navorsing wat byvoorbeeld in die Eenheid vir Dokumentontwerp op Stellenbosch gedoen word, is 'n ondersoek na die kwaliteit van korrespondensietekste van 'n bekende bank in Windhoek en 'n ondersoek na die kwaliteit van die leermateriaal van opleidingsinstansies in die informele sektor.

Hierdie aktiwiteite vorm uiteindelik 'n noodsaaklike onderdeel van die uitlewing van die vakgebied, want dit bied 'n noodsaaklike geleentheid om 'n ontmoeting tussen teorie en praktyk te bewerkstellig en dit onderstreep die maatskaplike relevansie daarvan. Die geleentheid moet verder ontgin word juis om ook aan navorsers en studente die ruimte te bied waarbinne dokumentontwerp kan ontwikkel tot 'n waarlik sosiaal-maatskaplik relevante vakgebied.

Uit hierdie oorsig moet dit duidelik word dat die taalbeheersing veral sedert 1996 'n besondere bloeitydperk beleef in Suid-Afrika. Die werk wat reeds gedoen word en nog in die toekoms gedoen sal word, is nie alleen van besondere wetenskaplike waarde nie, maar het veral in die Suid-Afrikaanse konteks ook 'n besondere sosiaal-maatskaplike relevansie. Voorlopige ondersoeke bring aan die lig dat daar in die Suider-Afrikaanse konteks, met sy komplekse multikulturele, multitalige karakter, 'n besondere behoefte is aan die verbetering van die effektiwiteit van bedryfstekste in verskillende sektore van die samelewing,

waaronder die regeringsektor, die gesondheidsektor, die bedryfsektor, en die onderwyssektor. Die ontwikkelinge waaroor in hierdie artikel gerapporteer is, kan 'n besondere bydrae maak tot hierdie verbeterde toedrag van sake.

Die impak van die vakgebied kan op verskillende maniere gemeet word, soos ook in ander afdelings van hierdie artikel aangedui of gesuggereer word. Uit die statistieke van ingeskrewe studente in verskillende kursusse kan al afleidings gemaak word oor hierdie impak. In sommige van die voorgraadse kursusse waarna vroeër verwys is, is daar tot soveel as 630 inskrywings, terwyl daar ook steeds meer belangstelling in hierdie gebied is op nagraadse vlak.

Die impak van die inisiatief word verder versterk deurdat die inskrywings in al hierdie programme in 'n steeds stygende mate die diversiteit in die Suid-Afrikaanse gemeenskap weerspieël. Die taalbeheersingsinisiatiewe vorm uiteindelik dus ook deel van die groter heropbou-inisiatiewe wat so noodsaaklik is binne 'n gebroke Suid-Afrikaanse gemeenskap.

Daar is egter nog ruimte vir groei. Hierdie groei kan in die toekoms op verskillende maniere verder gestimuleer word deur die betrokkenheid van Nederlandse taalbeheersers:

- Direkte betrokkenheid by opleiding in Suid-Afrika. Voorbeelde hiervan is die optrede as aanbieders van werksinkels (soos dié wat gereël word deur die Eenheid vir Dokumentontwerp), die deelname aan formele onderrigprogramme (soos die optrede van Carel Jansen as buitengewone professor aan die MPhil-program in Dokumentontwerp in Stellenbosch) en betrokkenheid by die begeleiding van magister- en doktorsale studente in Suid-Afrika.
- Deelname aan ondersoeke in Suid-Afrika. Die deelname van taalbeheersers van die Universiteite van Nijmegen, Tilburg en Twente aan die projek oor die effektiwiteit van VIGS-inligtingstekste is hiervan 'n goeie voorbeeld.
- Die voortgesette en verder uitgebreide uitwisseling van dosente en studente tussen Suid-Afrikaanse en Nederlandse universiteite. Daar bestaan reeds goeie voorbeelde hiervan by verskillende universiteite, waaronder die aanstelling van Carel Jansen as buitengewone professor aan die Universiteit Stellenbosch, die aanstelling van Leon de Stadler as hoogleraar aan die Katholieke Universiteit van Nijmegen en die onderlinge uitwisseling van Suid-Afrikaanse en Nederlandse studente van verskillende universiteite.
- Die uitnodiging tot groter betrokkenheid van Suid-Afrikaanse taalbeheersers in formele taalbeheersingsinstellings soos die kongresse van VIOT en deelname aan die Tijdschrift voor Taalbeheersing.

Uiteindelik moet Suid-Afrikaanse taalbeheersers egter ook die verantwoordelikheid aanvaar om die besondere uitdagings van hulle eie omgewing die hoof te bied. Hierdie uitdagings sluit in

- die eise van dokumentontwerp binne 'n multikulturele konteks
- die hantering van onderwysagterstande in skryf- en teksvaardighede
- die verskaffing van voortgesette opleiding in dokumentontwerp aan 'n wye verskeidenheid instansies en individue buite die tersiêre sektor

Maar daar is ook nog 'n verdere verantwoordelikheid: Suid-Afrika word dikwels gesien as 'n poort na die res van Afrika, en sekerlik ook as dit gaan om akademiese ontwikkeling. Dit is daarom gebiedend dat Suid-Afrikaanse dokumentontwerpkundiges – soos wat soveel ander kundiges reeds doen – ook hulle verantwoordelikheid in die res van Afrika uitoefen.

Die ontwikkeling van taalbeheersing en skryfvaardigheidsonderwys in Suid-Afrika

Die besondere groei van die taalbeheersing en dokumentontwerp in Suid-Afrika bied 'n besondere geleentheid aan Suid-Afrikaanse en Nederlandse akademici om hulle invloed op dié wyse te laat geld, selfs al is dit op 'n beperkte skaal. Vir talle Suid-Afrikaanse universiteite, soos byvoorbeeld vir die Universiteit Stellenbosch, is dit 'n groot prioriteit.

Kortom: Dit moet duidelik word uit hierdie artikel dat die taalbeheersing in Suid-Afrika 'n mooi toekoms tegemoetgaan. In hierdie toekoms sal die verhouding met die Nederlandse taalbeheersing altyd belangrik bly.

- * Met waardering aan Nijmeegse (en tegelyk ook Stellenbosse) kollega Carel Jansen wat met sy altyd welkome kommentaar gehelp het om hierdie bydrae te verfyn. En ook aan kollegas Adelia Carstens en Piet Swanepoel wat inligting verskaf het. Vanselfsprekend bly die gebreke wat oorbly steeds ons s'n.
- 1 Verskillende benaminge kom voor, met of sonder die frase "en Nederlands". Soos later in hierdie afdeling en in ander afdelings blyk, speel Nederlands egter 'n groot rol in die meeste departemente.
- 2 Dit is die moeite werd om kennis te neem van die aktiwiteite van skryfsentra soos dié by die Universiteite van Kaapstad, Natal en die Witwatersrand, en van die besondere rol van ander instansies soos die Universiteit Pretoria se Eenheid vir die Ontwikkeling van Taalvaardigheid en die Eenheid vir Taalbemagtiging en Taalfasilitering van die Universiteit van die Vrystaat.
- 3 Die webwerf van die Taalsentrum van die Universiteit Stellenbosch kan besoek word by <http://www.sun.ac.za/taalsentrum>.
- 4 Meer inligting oor Word Wide Writing is te vinde by <http://www.worldwidewriting.com>.
- 5 Honneurs is die vierde jaar van studie en word as nagraadse opleiding geag. Magisterstudie volg direk na 'n B-graad, in welke geval dit minimaal twee jaar duur, of na 'n honneursgraad, in welke geval dit minimaal een jaar duur.
- 6 Meer inligting oor hierdie projek is te vinde by <http://www.epidasa.org>. Die projek word ondersteun deur SANPAD.

Boshoff, S.P.E. & G.S. Nienaber. 1967. Afrikaanse Etimologieë. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Braet, A. 2000. Inleiding. In: Braet, A. (red.). Taalbeheersing als communicatiewetenskap. Bussum: Coutinho.

Carstens, W.A.M. 1994. Norme vir Afrikaans. Pretoria: J.L. van Schaik. **Carstens, W.A.M.**

1997. Afrikaanse Tekstlinguistiek: 'n Inleiding. Pretoria: J.L. van Schaik. **Combrink, J.G.H. &**

L.G. de Stadler. 1987. Afrikaanse Fonetiek. Johannesburg: MacMillan. **Combrink, J.G.H.**

1990. Afrikaanse Morfologie. Pretoria: Academica.

De Stadler, L.G. 1989. Afrikaanse Semantiek. Johannesburg: Southern. **De**

Villiers, M. & R.H. Gouws. 1989. Idiomewoordeboek. Kaapstad: Nasou. **De**

Villiers, M. 1971. Die Grammatika van Tyd en Modaliteit. Kaapstad: Balkema.

Du Plessis, H.G.W. & T. du Plessis (reds.). 1987. Afrikaans en Taalpolitiek. Pretoria: HAUM.

Du Toit, P.A. & W. Smith-Muller. 2003. Stylboek: riglyne vir paslik skryf. Pretoria: Van Schaik.

Gouws, R.H. 1989. Leksikografie. Kaapstad: Academica.

Ponelis, F.A. 1979. Afrikaanse Sintaksis. Pretoria: Van Schaik.

- Ponelis, F.A. 1990.** Historiese Klankleer van Afrikaans. Annale van die Universiteit van Stellenbosch.
- Ponelis, F.A. 1993.** The Development of Afrikaans. Frankfurt: Peter Lang.
- Raid, E.H. 1991.** Afrikaans en sy Europese verlede. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J. du P. 1965.** Afrikaans uit die vroeë tyd. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J. du P. 1980.** Wording en ontwikkeling van Afrikaans. Kaapstad: Tafelberg.
- Scholtz, J. du P. 1981.** Taalhistoriese Opstelle. Kaapstad: Tafelberg.
- Steehouder, M. & C.J.M. Jansen. 1994.** Technologisch taalbeheersingsonderzoek. *Gamma*, 8, 1-22.
- Steyn, J. 1980.** Tuiste in eie Taal. Kaapstad: Tafelberg.
- Swanepoel, P.H. 1998.** Die opleiding van Suid-Afrikaanse tekswetenskappers op Nederlandse patroon. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 5, 196-217.
- Webb, V.N. 1992.** Afrikaans na Apartheid. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Wissing, D.P. 1982.** Algemene en Afrikaanse Generatiewe Fonologie. Johannesburg: MacMillan.

